# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL

# VISIE & MISSIE

# 2024 - 2026

ONDERTEKEN TE ZASTRON OP 12 JULIE 2024.

| | |
|---|---|
| ..................................................... | ..................................................... |
| M. DE KOCK | Z. STEYN |
| VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM | SKOOLHOOF |

**VISIE EN MISSIE**

Zastron Gekombineerde skool is een van die toonaangewende en leidende opvoedkundige instellings in die Vrystaatse Platteland, waar die normale akademiese kurrikulum aangevul kan word met gespesialiseerde landbou-opleiding. Ter ondersteuning van die onderrig- en opvoedingsprogram word ‘n gebalanseerde buite-kurrikulêre program van gehalte aangebied.

**VISIE**

‘n Toonaangewende Gekombineerde Landbouskool in die Platteland wat waardegedrewe opvoeding en professionele onderrig by uitnemendheid aan leerders bied. Dit impliseer dat die omgewing se behoefte na gebalanseerde gemeenskapsleiers bevredig sal word deur die ontwikkeling van ons leerders se potensiaal deur middel van ons unieke onderrigomgewing.

**MISSIE**

Om Zastron Gekombineerde Skool uit te bou en te handhaaf as leier in opvoedkundige onderrig in die Platteland deur:

- Behoeftegerig te wees in die proses van onderrig en opvoeding in harmonie met die omgewing.
- Die toepassing van verantwoordbare morele waardes en norme.
- Die toepassing van gesonde en haalbare bestuurstrukture en norme.
- ‘n Gemotiveerde en gelukkige personeelkorps.
- ‘n Lojale en gelukkige leerderkorps.
- ‘n Finansieel onafhanklike onderwysinstelling.
- ‘n Finansieel sterk en ekonomies stabiele boerdery-eenheid.
- Samewerking in vennootskap met die privaatsektor.
- Die optimale benutting van alle hulpbronne.